**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG: MODULE 1 EENHEID 1: DIE MENS SE EKONOMIESE BESTAAN:** (Ekonomiese aktiwiteite, -samewerking, materiële behoeftes, vrye goedere)
***MEMORANDUM***

**1 Wat behels die mens se ekonomiese aktiwiteite?**

Dit is alle aktiwiteite wat te doen het met die produksie van goedere en dienste.

**2 Waarom is die produksie van goedere en dienste nodig?**

Goedere en dienste stel die mens in staat om te oorleef en ’n hoë lewenstandaard te geniet.

**3 Waarom kan jou dorp as ’n ekonomie beskou word?**

Dit vorm ’n plaaslike ekonomie omdat mense in ’n dorp saam werk om goedere en dienste vir die dorpsgemeenskap te produseer.

**4 Noem die drie komponente wat ’n ekonomie vorm.**

Die deelnemers aan die ekonomie, die produksiemiddele in die ekonomie en die ekonomiese prosesse om goedere en dienste te produseer.

**5 Waarom word elektrisiteitsvoorsiening as ’n kollektiewe materiële behoefte beskou?**

Groot hoeveelhede elektrisiteit wat deurlopend beskikbaar is kan net aan groepe mense verskaf word.

**6 Noem die groepe goedere en dienste wat die mens se oorlewing sal verseker.**

Voedsel, kleding, behuising en mediese dienste.

**7 Sal ’n persoon wat R20 miljoen bekom het al sy behoeftes kan bevredig?**

Nee, want die mens se behoeftes brei voortdurend uit. Ryk mense het ook onbevredigde behoeftes.

**8 Water in ’n rivier en water in ’n motor se verkoeler is albei nuttige produkte. Is albei ekonomiese goedere?**

Nee. Die water in die rivier is ’n vrye goed en die water in die motor se verkoeler is ’n ekonomiese goed.

**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 1 EENHEID 2: DIE EKONOMIESE PROBLEEM:**
(Ekonomiese skaarsheid, - keuse, beginsels vir produksie, geleentheidskoste)
***MEMORANDUM***

1 **Wat beteken die toestand van ekonomiese skaarsheid?**

Daar is nie voldoende goedere en dienste in die ekonomie om in die mens se behoefte aan goedere en dienste te voorsien nie.

2 **Waarom sal die probleem van ekonomiese skaarsheid nooit opgelos word nie?**

Omdat die mens se behoefte aan goedere en dienste vinniger uitbrei as wat goedere en dienste geproduseer kan word om daarin te voorsien.

3 **Wat is die verband tussen ekonomiese skaarsheid en ekonomiese keuses?**

Ekonomiese skaarsheid veroorsaak dat ekonomiese keuses gedoen moet word.

4 **Waarom is dit nodig vir die individu om keuses te doen as hy sy materiële behoeftes bevredig?**

Die individu het slegs beperkte middele beskikbaar om sy onbeperkte behoeftes te bevredig.

5 **’n Leerder het net genoeg geld vir ’n toebroodjie óf ’n roomys en besluit toe om die roomys te koop. Wat is die geleentheidskoste van hierdie keuse?**

Die toebroodjie wat nie gekoop is nie.

6 **Die Suid-Afrikaanse regering het besluit om (a) koste te bespaar en (b) nie meer ’n lugredery te bedryf nie, maar om (c) lugvervoer uit te kontrakteer aan Lesotho. Watter produksiebeginsel is by (a) betrokke en watter produksiekeuses is by (b) en (c) ter sprake?**

(a) Effektiewe produksie (b) WAT om te produseer.

(c) HOE om te produseer.

7 **Wat is die ware koste van ’n produk in ekonomiese terme?**

Die ware koste is die produkte wat ook bekom kon word met dieselfde hoeveelheid middele, maar wat nie bekom is nie. Ware koste is nie rekenkundige koste nie.

**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 1 EENHEID 3: DIE BASIESE EKONOMIESE PROSESSE: (**Produksie, handel, verbruik)

***MEMORANDUM***

*Gebruik die onderstaande beskrywing en antwoord die vrae wat daaarop volg:*

'n Boer, mnr Basson, besluit om 'n (a) stuk sanderige grond op sy plaas te gebruik om (b) aspersies te verbou. Aspersies word as besondere gesonde voedsel beskou en word deur (c) dieetkundiges aanbeveel. Die plante word deur twee werkers met die hand geplant en met 'n drupbesproeiingstelsel van water voorsien. 'n (d) Derde werker se enigste taak is om die aspersies te knip en te verpak. (e) Mevrou Basson is verantwoordelik vir die verkope van die aspersies. Mnr Basson meen as hierdie poging 'n sukses is, hy (f) slegs aspersies op sy plaas sal verbou en selfs (g) aspersies na Botswana sal uitvoer. Die (h) Abra-masjien waarmee aspersies geblik kan word, sal dan aangekoop moet word.

1 **Watter soort eindproduk is aspersies met betrekking tot duursaamheid? (b)**

Aspersies is 'n nie-duursame verbruikersgoed.

2 **By watter soort produksieaktiwiteit is dieetkundiges betrokke? (c)**

Tersiêre produksie.

3 **Die werker wat net knip en verpak is 'n vorm van (e) ... spesialisasie in produksie.**

Arbeidspesialisasie.

4 **Watter soort produksieaktiwiteit is die verbouing van aspersies? (b)**

Primêre produksie.

5 **Watter soort spesialisasie in produksie is betrokke by (f)?**

Produkspesialisasie.

6 **As die aspersies uitgevoer word, op watter soort mark sal dit verhandel word? (g)**

Die internasionale mark.

7 **In watter soort mark funksioneer verkopers soos mev Basson? (e)**

Die dienstemark.

8 **As mnr Basson addisionele grond wil koop vir die verbouing van aspersies, in watter een van die drie basiese markte sal hy dit vind?**

Die mark vir produksiefaktore.

9 **As watter soort goed kan die Abra masjien geklassifiseer word? (h)**
Kapitaalgoed

**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 1 EENHEID 4: EKONOMIESE STELSELS, MENSEREGTE EN DIE OMGEWING:** ***MEMORANDUM***

**1 In watter soort gemeenskappe kom die tradisionele ekonomiese stelsel voor?**

In primitiewe gemeenskappe wat nog ontwikkelend is.

**2 Watter groepering van mense speel die belangrikste rol in die markekonomie en die bevelsekonomie onderskeidelik?**

Markekonomie: verbruikers. Bevelsekonomie: die staat.

**3 Watter soort ekonomiese stelsel het Suid-Afrika?**

'n Gemengde ekonomiese stelsel.

**4 Wat is die staat se plig ten opsigte van die inwoners se burgerregte?**

Om die inwoners se burgerregte te beskerm.

**5 As die inwoners van die RSA deur die staat verplig word om eienaarskap van hulle woonhuise aan die staat oor te dra, watter regte van die burgers sal hierdeur geskend word?**

Ekonomiese regte

**6 Watter basiese wet beskerm die inwoners van Suid-Afrika?**

Die Grondwet

**7 'n Vroulike werknemer se bevordering word beperk omdat sy 'n vrou is. Watter wet word hier oortree?**

Die Wet op Billike Indiensneming

**8 Die pryse van plastiekinkopiesakke is onlangs op aandrang van die regering verhoog. Wat is die regering se doel hiermee?**

Om plastiekbesoedeling te verminder. Die hoër prys sal die plastieksakke so duur maak dat verbruikers dit meer as een keer sal gebruik. Dit sal dan die oormatige gebruik van plastieksakke verminder.

**9 Noem die drie groeperinge in die ekonomie wat verantwoordelikheid vir omgewing moet aanvaar**

Verbruikers, produsente en die staat.

**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 1 EENHEID 5: DIE VAKWETENSKAP EKONOMIE (1)** (Definisie, aard, vertakkinge en benaderings tot Ekonomie) ***MEMORANDUM***

*Lees die onderstaande probleem en antwoord die vrae wat daarop volg:*

Die eiland Ipana aan die weskus van Afrika, word regeer deur 'n diktator Timpi Mapimpi. Ipana het heelwat ekonomiese probleme, wat die (a) ekonomiese ontwikkeling van die eiland strem. Daar word (b) baie min verbruikersgoedere geproduseer. Die meeste verbruikersgoedere word ten duurste (c) van die buiteland af ingevoer. Die waarde van (d) die geldeenheid, die Ipa is baie laag teenoor buitelandse geldeenhede wat alle invoere duur maak. (e) Landbouproduksie is ook laag, wat soms tot voedseltekorte lei. Baie van die probleme is te wyte aan Timpi wat belasting teen hoë koerse hef en 'n groot deel van die eiland se (f) belastinginkomste gebruik om homself, sy familie en vriende te verryk. Omdat voedselsekerheid belangrik vir die eiland is, het die Wêreldbank ekonome aangestel om ondersoek te doen na die landboukomponent van die ekonomie.

**1 Waarom moet 'n wetenskaplike studie van hierdie ekonomiese vraagstukke gedoen word?**

Om die ekonomiese vraagstukke doeltreffend, effektief, en regverdig op te los.

**2 Watter produksievraagstuk is by elk van (b), (c), (e) en (f) betrokke?**

(b) WAT om te produseer

(c) HOE om te produseer

(e) WAT om te produseer

(f) VIR WIE om te produseer

**3 Watter vertakking van Ekonomie is by (a), (c) en (d) betrokke?**

(a) Ekonomiese ontwikkeling

(c) Internasionale handel

(d) Monetêre Ekonomie

**4 Dui aan of die volgende 'n mikro- of makro-ekonomiese ondersoek behels:**

**4.1 'n Ondersoek na die welstand van vroulike verbruikers op Ipana.** Mikro

**4.2 'n Vergelyking van die gemiddelde welvaart van inwoners van Ipana, met die gemiddelde welvaart van die buureiland Kapano.** Makro

**4.3 Bepaling van die jaarlikse produksie van al die fabrieke en plase op Ipana.** Makro

**5 Wat is die einddoel met die ekonomiese navorsing van die toestand op Ipana?**

Om die materiële welvaart van die inwoners te verhoog.

**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 1 EENHEID 6: DIE VAKWETENSKAP EKONOMIE (2)** (Positiewe en normatiewe stellings, die wetenskaplike metode, teorië en modelle, plasing in ekonomiese wetenskappe, verhouding met ander wetenskappe) ***MEMORANDUM***

*Die onderstaande vrae verwys na die ekonomie van Ipana wat in werkopdrag 5 voorkom.*

'n Ekonoom wat by 'n ondersoek van die ekonomiese vooruitsigte van Ipana betrokke was, maak die volgende stellings: Die ondersoek het (a) net gefokus op die invloed van die weer op landbouproduksie – produksiekostes is nie in aanmerking geneem nie. Die (b) waarde van die totale landbouproduksie is 2 miljard Ipa, maar (c) dit behoort eintlik 4 miljard Ipa te wees. Die ondersoek bewys dat die (d) staatsdepartemente 1 miljard Ipa se landbouproduksie opneem.

**1 Watter beginsel van ekonomiese ondersoek is in (a) toegepas?**

Die ceteris paribus-beginsel.

**2 Watter van die stellings van (b) tot (d) is positiewe stellings en watter is normatiewe stellings?**

(b) Positief (c) Normatief (d) Positief

Die ekonoom wat die ondersoek na landbouproduksie op Ipana gelei het, het finansiering vir die ondersoek gekry deur vir die regering duidelik te maak dat die vertrekpunt van die studie die (a) verband tussen die klimaat en landbouproduksie is. Die inligting wat in die ondersoek versamel is, is (b) in tabelvorm uiteengesit. Na ontleding is (c) die bevindings in die vorm van grafieke voorgestel. In die verslag wat uitgebring is, het die ekonoom bygevoeg dat dit duidelik is dat die boere in die algemeen (d) nie kennis het om die plase effektief te bestuur nie en dat dit ook (e) nie vir hulle moontlik is om hulle wins presies te bepaal nie. Die verslag is (f) op die internet beskikbaar gestel.

**3 Watter stap in die wetenskaplike navorsingsproses kom by (a) en (b) voor?**

(a) Formulering van die probleem.

(b) Rangskikking van die data.

**4 Wat is die nut daarvan om die bevindings grafies voor te stel (c)?**

'n Grafiese voorstelling is visueel en verbeter begrip van die feite.

**5 Watter vakwetenskappe kan die boere help met betrekking tot die probleme wat in (d) en (e) genoem word?**

(d) Besigheidstudies. (e) Rekeningkunde.

**6 Watter wetenskap is by (f) betrokke?**

Informasietegnologie

**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 1 EENHEID 7: DIE VAKWETENSKAP EKONOMIE (3)** (Waarde van ’n studie van Ekonomie, loopbaangeleenthede, ’n ekonoom

***MEMORANDUM***

’n Ouer wat baie besorg is oor die hantering van afval in Suid-Afrika en dit gereeld met sy kinders bespreek, meen dat sedert sy seun Ekonomie as vak neem, hy baie meer geneig is om munisipaliteite se (a) hantering van afval te bevraagteken en dat die seun meen dat daar (b) talle oplossings is wat nie deur munisipaliteite oorweeg word nie. Die seun gebruik ook die internet om te bepaal (c) hoe ander lande hierdie probleem aanpak.

**1 Dui aan watter voordele van ’n studie van Ekonomie by (a), (b) en (c) betrokke is.**

(a) Kritiese denke (b) Analitiese vaardighede

(c) Breër siening van die probleem

**2 Die Reserwebank besluit om rentekoerse te verhoog. Watter voordeel het ’n persoon wat ’n kennis van Ekonomie het bo ’n leek in hierdie geval?**

So ’n persoon sal weet wat die finansiële implikasie vir hom sal wees en wat die invloed daarvan op die ekonomie as geheel sal wees, in terme van produksie en verbruik.

**3 Noem drie lande waar baie leerders Ekonomie op skool neem en wat ’n hoë lewenstandaard het.**

Die VSA, Swede, Australië

**4 Die staat besluit om ’n addisionele vakansiedag in te stel, die “kom ons glimlag vir mekaar” dag. Sal hierdie poging enigsins ekonomiese implikasies hê?**

Ja. Alle gebeure wat die land as geheel raak het ekonomiese implikasies. In hierdie geval is daar ’n dag se produksie en inkomste verlore.

**5 Verskaf die name van drie ekonome wat rubrieke in koerante of tydskrifte hanteer.**

Dawie Roodt, Johann Fourie, Theo Vorster.

**6 Skryf die naam van enige ekonoom neer en verskaf dan kortliks enige mening wat hierdie ekonoom onlangs gehad het.**

Dawie Roodt: Staatsondernemings soos die SAL en Eskom behoort geprivatiseer te word.

**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 1 EENHEID 8: DIE EKONOMIESE KRINGLOOP (1)** (Omskrywing, deelnemers en markte) ***MEMORANDUM***

**1 Wat illustreer die ekonomiese kringloop?**

Die vloei van produksiefaktore, goedere en dienste en geld deur die ekonomie.

**2 Waar word die vergoeding vir huishoudings bepaal?**

Op die mark vir produksiefaktore.

**3 Mnr P. Harmse, ’n rekenmeester werk vir ’n onderneming BOEKS & KROEKS wat klein sakeondernemings se boeke doen. Hy verdien R50 000- per maand. Wat is die verhouding tussen mnr Harmse en BOEKS & KROEKS volgens die ekonomiese kringloop?**

Mnr Harmse verkoop sy rekeningkundige kennis aan BOEKS & KROEKS en BOEKS & KROEKS betaal hom R50 000- per maand daarvoor.

**4 Hoe is mnr Harmse (vraag 3) betrokke by die reële vloei in die kringloop?**

Mnr Harmse bestee sy inkomste op die goedere en dienste wat hy benodig.

**5 Wie bepaal wat produsente sal produseer?**

Die huishoudings. Produsente produseer die goedere en dienste wat huishoudings bereid is om voor te betaal.

**6 Waarom is die owerheid onmisbaar vir die werking van die ekonomie?**

Die owerheid lewer noodsaaklike kollektiewe dienste wat die privaatsektor nie kan of wil lewer nie.

**7 Noem die produksiefaktore wat internasionaal verhandel word.**

Kapitaal, arbeid, natuurgawes en ondernemerskap.

**8 In watter van die twee basiese markte word die volgende verhandel?: (a) ’n Loodgieter wat werk soek. (b) Pype en gereedskap wat loodgieters gebruik. (c) Die tarief wat loodgieters kan vra.**

(a) Die mark vir produksiefaktore.

(b) Die mark vir goedere en dienste.

(c) Die mark vir produksiefaktore.

**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 1 EENHEID 9: DIE EKONOMIESE KRINGLOOP (2)** (lekkasies en toevoegings) ***MEMORANDUM***

**1 Watter instansies in die markekonomie verseker dat die ekonomie altyd terugkeer na 'n ewewig?**

Markte

**2 Onder watter omstandighede sal die inkome en besteding van die owerheidsektor in ewewig bly?**

As die waarde van die belastinginkomste gelyk is aan die waarde van owerheidsdienste, subsidies en oordragte.

**3 Watter drie instansies is verantwoordelik vir onttrekkings en toevoegings tot die geldvloei?**

Die owerheid, die buitelandse sektor en die finansiële sektor.

**4 Wanneer sal (a) 'n afname in totale ekonomiese aktiwiteit plaasvind met betrekking tot onttrekkings en toevoegings en (b) hoe kan die onewewig herstel word?**

(a) 'n Afname sal plaasvind as totale onttrekkings meer as totale toevoegings is.

(b) Die ewewig herstel, want totale onttrekkings word ook minder.

**5 Die regering van Suid-Afrika verhoog belastings omdat belastinggelde wat onder owerheidsbeheer is verdwyn. Kan dit (a) onewewig in die ekonomie veroorsaak en (b) wat is die invloed daarvan op die vlak van ekonomiese aktiwiteite?**

(a) Onewewig omdat onttrekkings meer as toevoegings is.

(b) Ekonomiese aktiwiteite neem af.

**6 Die stand van toevoegings en onttrekkings tot die geldstroom van 'n ekonomie lyk in Randterme soos volg: (a) S = R80 miljard en I = R60 miljard; (b) T = R70 miljard en G = R100 miljard; (c) M = R30 miljard en X = R50 miljard. (a) Bereken totale onttrekkings en toevoegings. (b) Wat is die stand van die ewewig in hierdie ekonomie?**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Onttrekkings: | S = R80 miljard | Toevoegings: | I = R60 miljard |
| | T = R70 miljard | | G = R100 miljard |
| | M = R30 miljard | | X = R50 miljard |
| (a) Totaal | = R180 miljard | (a) Totaal | = R210 miljard |

(b) Toevoegings is meer as onttrekkings.

**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 1 EENHEID 10: DIE NASIONALE INKOME TOTALE** (BBP, BNI) ***MEMORANDUM***

**1 Wat is die verband tussen die BBP en die BNI?**

Die BBP is die waarde van die voltooide goedere en dienste geproduseer. Die BNI verteenwoordig die inkomste verkry uit daardie produksie.

**2 Waarom is die drie waardes van produksie, inkome en besteding dieselfde?**

Die waarde van produksie is die koste van die produksiefaktore wat gebruik is. Die waarde van die produksiefaktore vorm die inkomste wat die verskaffers van die produksiefaktore ontvang het.

**3 Waarom word die waarde van invoere afgetrek as die BBP volgens die bestedingsmetode bereken word?**

Omdat plaaslike produksiefaktore nie vir die produksie van die ingevoerde goedere gebruik is nie.

**4 Waarom word die inkomste wat buitelandse werkers in Suid-Afrika verdien het afgetrek as die BNI bereken word?**

Omdat die nasionale vergoeding net die vergoeding van die burgers van die land is.

**5 Hoe word die inkomste per persoon vir 'n land bepaal?**

Die BBP gedeel deur die aantal inwoners van die land.

**6 Suid-Afrika se groeikoers verander van 5% per jaar na 2% per jaar. (a) Wat beteken dit en (b) is dit goed vir die land of nie?**

(a) Dit beteken 3% minder produkte is geproduseer.

(b) Dit is negatief vir die land want dit dui op 'n verarming van die land.

**7 Watter geldeenheid word gebruik om die BBP van verskillende lande te vergelyk?**

Die VSA dollar.

**8 Wat is die reële BBP?**

Die BBP aangepas vir inflasie.

**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 1 EENHEID 11: KONJUNKTUURGOLWE (1)**
(Aard, definisie, aanwysers, samestelling, draaipunte, tendens) ***MEMORANDUM***

**1 Wat word die verskynsel van toenames en afnames in ekonomiese aktiwiteit genoem?**

’n Sakesiklus of konjunktuurgolf.

**2 Wat moet bereken word om veranderings in ekonomiese aktiwiteit te bepaal?**

Die bruto binnelandse produk

**3 Die owerheid kondig ’n groot staatsprojek aan om infrastruktuur uit te brei. Wat sal die implikasie vir werkverskaffing wees?**

Werkverskaffing sal toeneem.

**4 Hoe beïnvloed ’n toename in sakevertroue ekonomiese aktiwiteite?**

Dit laat sakemanne investeer wat ekonomiese aktiwiteite laat toeneem.

**5 Wat is die onafhanklike veranderlike in grafieke wat die sakesiklus voorstel?** Tyd.

**6 Watter fases in die sakesiklus word deur die volgende veranderings in die vraag na verbruikersgoedere aangedui?**

**6.1 ’n Buitengewone hoë vraag na verbruikersgoedere.** Voorspoedfase.


**6.2 Vraag na verbruikersgoedere net vir basiese behoeftes.** Depressiefase.

**6.3 Die vraag na verbruikersgoedere begin toeneem.** Herstelfase.

**7 Waarom is ’n stygende tendenslyn in ’n konjunktuurgolf positief vir die ekonomie?**

Dit wys dat ekonomiese aktiwiteite toeneem.

**8 Gebruik die onderstaande raamwerk en teken ’n konjunktuurgolf met ’n dalende tendenslyn.**



**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 1 EENHEID 12: KONJUNKTUURGOLWE (2)**
(Kenmerke, redes vir konjunktuurgolwe, gevolge van konjunktuurgolwe) ***MEMORANDUM***

1 **Wat is die kenmerke van die depressiefase met betrekking tot werkverskaffing en die vraag na verbruikersgoedere?**

Werkverskaffing is op lae vlakke en die vraag na verbruikersgoedere is gevolglik ook baie laag.

2 **’n Ekonomie word gekenmerk deur hoë lone en winste en verbruikerskrediet wat volop beskikbaar is. In watter fase van die sakesiklus is die ekonomie?**

In die voorspoedfase.

3 **’n Ekonomie het hoë vlakke van ekonomiese aktiwiteit in (a) 2017 gehad. In (b) 2019 was produksievlakke baie laag. Noem die twee draaipunte wat hier voorkom.**

(a) Die piek. (b) Die trog.

4 **Suid-Afrika het skommelinge in ekonomiese aktiwiteite gehad as gevolg van (a) Zimbabwiërs wat onwettig na die RSA gestroom het (b) korrupsie in regeringskringe en (c) politieke wantroue in die ANC. Watter is eksogene en watter is endogene redes vir die skommelings?**

(a) Eksogene redes (b) Endogene redes (c) Endogene redes

5 **Watter invloed het ’n opswaai in ekonomiese aktiwiteite op werkverskaffing?**

Werkverskaffing neem toe.

6 **Hoe dra handelaars by tot die toename in die pryse van goedere en dienste in die voorspoedfase van ’n ekonomie?**

In die voorspoedfase is daar ’n toename in die vraag en ’n tekort aan goedere en dienste. Handelaars verhoog dan die pryse van goedere en dienste.

7 **’n Land ervaar die volgende: (a) ’n toename in uitvoere; (b) ’n epidemie veroorsaak deur die corona virus; (c) beleggers wat vanweë staatsonbekwaamheid onttrek uit die land; (d) die verkoop van staatsondernemings aan die privaatsektor. Toon aan watter van die gebeure tot ’n opswaai of afswaai in ekonomiese aktiwiteite sal lei.**

(a) Opswaai. (b) Afswaai. (c) Afswaai. (d) Opswaai.

8 **Waarom verswak die internasionale waarde van ’n land se geldeenheid gedurende die afswaaifase van die sakesiklus?**

Invoere en buitelandse investering neem af. Dit verminder die vraag na die geldeenheid en die prys van die geldeenheid daal dan.